Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, April 05, 2020
Page: 13

# Wat van jou UA in dié moeilike dae?

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Kan ek my uittreeannuïteit (UA) laat uitbetaal? Dié vraag kry ek die afgelope week en dit het te doen met die finansiële gevolg wat die koronavirus vir ons gebring het. Mense verloor inkomste weens afdankings of kleinsake wat nie meer kan voortbestaan nie.

Laat ek net eers 'n bietjie perspektief bring in hierdie neerdrukkende dae met markdalings, afgraderings en "huisarres". Ons sit midde-in 'n tydelike probleem. Dit is nie die einde van die wêreld nie. Dit is nie die einde van Suid-Afrika nie. Dit is nie jou einde nie. Dit is net 'n terugslag.

Om nou jou aftreegeld (pensioenfonds of UA) te wil laat uitbetaal (as jy sou kon), gaan jy net 'n tydelike probleem permanent maak. En jy skep 'n veel groter finansiële probleem vir jouself en die land se ekonomie vorentoe. Hoekom?

Hier is drie redes. Die wêreldwye markinsinking het ook jou aftreegeld geraak. Die waarde in jou fonds is nou veel minder as wat dit was voor korona. As jy dit nou neem, mis jy die groei vorentoe.

Jy gaan belasting betaal op die onttrekking en wel teen 'n hoër koers (tot 36% op alles bo R990 000) as vir die kontantgedeelte by aftrede.

Net R25 000 is belastingvry en nie R500 000 soos by aftrede nie. Kom ons sê jou gemiddelde belasting vir die bedrag wat jy onttrek is 25% en jou markverlies op die belegging is 20%. Dit is altesame 40% van jou aftreegeld wat jy net in die water gooi.

Dit is ook 40% minder se spaargeld waarop jy in die volgende jare beleggingsgroei - belastingvrye beleggingsgroei! - sou kon kry.

Die derde punt? Jy krimp jou aftree-neseier. Daardie neseier moet voorsien in 'n tyd van jou lewe waarin jy nou al weet jy kan nie verdien nie.

Jy sou jou geld uit 'n pensioenfonds kon onttrek as jy afgelê word, maar dink tog mooi voordat jy dit doen.

Dit sal op lang termyn beter wees om die geld in 'n bewaringsfonds te hou sodat dit beskikbaar is vir aftrede. Wat tog die doel daarvan is, is dit nie? Dit was nooit bedoel as 'n instaangeldjie in 'n tyd van finansiële krisisse nie.

> "Maar die geldnood druk, wat kán jy doen?

Jou UA sal nie kan uitbetaal nie. Wetgewing sal eers moet verander. Die premies was aftrekbaar vir belasting, so al word wetgewing geskep om dit uitbetaalbaar te maak, sal jy dan belasting moet betaal op die onttrekking, wat presies dieselfde gevolg gaan hê as wat ek hierbo verduidelik.

Maar die geldnood druk, wat kán jy doen?

Jy kan die betaling van jou premies minder maak, of heeltemal ophou daarmee tot dinge beter gaan. Ten minste help dit jou nou oorleef, terwyl dit wat jy reeds gespaar het kan bly groei vir daardie eendag, wat ons weet gaan kom. En dit kos jou niks.

Ongelukkig vir diegene wat in polistipe-UA's is - waarteen ek oor jare gereeld in hierdie rubriek waarsku - kan jy dieselfde doen, maar teen 'n bykomende verlies in die waarde van jou belegging. Die rede? Jy het koste en kommissie vooruit betaal, wat uit die poliswaarde gehaal sal word. En as jy dom genoeg is om dan weer met so 'n UA voort te gaan, sal jy weer vooruit kommissie en koste moet betaal.

Ons is in 'n tyd van nood. Dit verg koel koppe om nie toe te laat dat emosie ons geldbesluite dryf nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.